LINDENNUUS

9 MAART 2018

...meer as net `n skool

KALENDER VIR DIE KOMENDE WEEK

Datum	Aktiwiteit
Vrydag 9 Maart	Atletiek: Gauteng Kampioenskappe (Pilditch) Tennis: Seuns A vs. St Davids (weg) Skaak: Junior A vs. De La Salle (tuis)
Saterdag 10 Maart	Atletiek: Gauteng Kampioenskappe (Pilditch) NWU Reeks vs. Standerton (weg)
Maandag 12 Maart	Netbal: D10: O.14 en O.15 JOMO proewe
Dinsdag 13 Maart	ATKV Redenaars: Eerste Ronde Netbal: D10: O.16 – O.18 JOMO proewe
Woensdag 14 Maart	Public Speaking gr. 8 (De La Salle) Wiskunde Olimpiade
Vrydag 16 Maart	Tennis: Seuns A vs. St Stithians Skiet: Interprovinsiaal
Saterdag 17 Maart	Skiet: Interprovinsiaal NWU Reeks vx. Hartbeespoort (weg)

AKADEMIE

Hoërskool Linden behaal nog 'n top akademiese prestasie in Gauteng

Mnr. Jaco Booysen se Siviele Tegnologie matrikulante van 2017 behaal die beste vakgemiddeld (86.7%) in Gauteng. Dit is die derde agtereenvolgende jaar wat mnr. Booysen en sy leerders hierdie prestasie bereik.

Welgedaan - Hoërskool Linden is baie trots!

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

Robotika

Na afloop van 'n baie suksesvolle bekendstelling op 23 Februarie 2018, bars Hoërskool Linden se Robotech-klub nou behoorlik uit sy nate. Met ongeveer 60 aktiewe lede moet hierdie klub nou al opsies oorweeg om in twee kleiner groepe vir weeklikse byeenkomste te verdeel.

Tans is die senior-klublede besig om voor te berei vir die World Robot Olympiad terwyl die junior-lede die basiese vaardighede van programmering en meganika bemeester.

Ons is werklik opgewonde vir die seisoen wat voorlê en nooi enige belangstellendes uit om by ons aan te sluit. Kontak vir Charlotte Fourie by charlotte.fourie@linden.co.za vir meer inligting.





SPORT

Lindenatletiek

Baie geluk en sterkte aan die volgende leerders van Hoërskool Linden wat eerskomende naweek aan die Gauteng a Atletiekkampioenskappe op die Pilditchstadion in Pretoria deelneem:

Ruan van der Spoel
Lana Gouws
Gené Coetzee
Emmarentia Germeshuyzen
Swanei Bierman

(Gené Coetzee was ongelukkig afwesig toe die foto geneem is)

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Prestige Swem

Die volgende swemmers het Hoërskool Linden by die Prestige-byeenkoms by Dellville in Germiston verteenwoordig:

Daniel Opperman
Alexander Greyling
Rohan Visser
Hannah Marshall
Danielle Beukes
Simone le Roux
Stefan Schoeman
Keanan Greyson
Ewan Visser
Joshua Spies
Rebecca Louw
Stefan Smit
Emile Smit
Rynhardt van Zyl
Nileah Griesel
Miné Snyman
Caitlin Coetzee
Wilné Britz



Skyfskiet

Die eerste GSSU-liga het op 2 en 3 Maart plaasgevind. Die Linden Skietklub het weereens baie goed gevaar.

Volgens die afrigter, Johan Swemmer, het die nuwe skuts bo verwagting gevaar as in aanmerking geneem word dat hulle omtrent net ‘n maand gehad het om die twee dissiplines (10m en 3P) onder die knie te kry.

Ten spyte van die senuwees wat geknaag het, vaar Hoërskool Linden as volg:

O/14: Stefan Prins 1e, Kaylee Perkins 2e en Chante Lubbe 4e
O/16: Martin Prins 1e, Shellaine de Villiers 2e en Kyle Maritz 4e
O/21: Liza Keyter 3e en Eric Steyn 4e

Liza Keyter, Eric Steyn, Ronan v Vuuren, Martin Prins, Shellaine de Viliers, Kyle Maritz, Amy Skinner en Kaylee Perkins behaal kwalifiserende tellings.

Baie geluk aan die skuts.

ADVERTENSIES

Aandag alle uitstallers en musikante
Ons beplan die **Lindenpark Aandmark** vir **Vrydag 25 Mei 2018**. Hoek van Bram Fisherrylaan en Centrallaan, Linden Uitbreiding. Ons sal u graag wil deel maak van die aand. Indien u weet van iemand wat sou belangstel, stuur asseblief ook die uitnodiging aan. Vir meer inligting stuur ’n epos aan ronel@lindenpark.co.za of skakel 011 782 0203 daagliks tussen 9 en 12.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/